CT - OPENBARE REDEVOERING

Trofeë

TIE-2012 ..... Graad 4
Willeman van der Merwe ..... Graad 5
TIE-2012 ..... Graad 6
Laerskool De Kuilen ..... Graad 7
Hoërskool D F Malan ..... Graad 8
TIE-2012 ..... Graad 9
C J Langenhoven ..... Graad 10
TIE-2012 ..... Graad 11
TIE-2012 ..... Graad 12
TIE-2012 ..... Ope

Algemene inligting

1. Openbare redevoering bestaan uit 2 afsonderlike afdelings, nl. 'n **<u>voorbereide</u>** en **<u>onvoorbereide toespraak.</u>** Deelnemers kan vir **slegs** die **voorbereide óf slegs** vir die **onvoorbereide** toespraak inskryf, maar ten einde <u>in aanmerking te kom as kategoriewenner</u> (trofee), moet hy/sy 'n <u>voorbereide en onvoorbereide</u> toespraak lewer.
2. Tydsbeperkings:

   <u>Voorbereide toespraak</u>

   - Graad 4 - 5 minute — Minimum tydsduur 3 minute: — Maksimum tydsduur 4
   - Graad 6 - 7 minute — Minimum tydsduur 4 minute — Maksimum tydsduur 5
   - Graad 8 tot Ope minute — Minimum tydsduur 6 minute — Makimum tydsduur 7

   <u>Onvoorbereide toespraak</u>

   - Graad 4 - 5 minute — Minimum tydsduur 1 minuut — Maksimum tydsduur 2
   - Graad 6 - 7 minute — Minimum tydsduur 1½ minute — Maksimum tydsduur 3
   - Graad 8 tot Ope minute — Minimum tydsduur 2½ minute — Maksimum tydsduur 4
3. Belangrike aspekte ten opsigte van die **<u>voorbereide toespraak</u>**:
   - Onderwerp: Deelnemers kan eie onderwerpe kies, maar moet sorg dat dit 'n relevante onderwerp is waarin die spreker sy/haar standpunte baie duidelik motiveer.
   - Inleiding: Moet gepas, treffend en oorspronklik wees.
   - Inhoud: Logiese uiteensetting en beredenering van standpunte wat ondersteun word deur nodige bronverwysings, statistiek, navorsing, ens.
   - Aanbieding: Moet natuurlik, lewendig en oortuigend wees. Tree met selfvertroue op. Hanteer notas op so 'n wyse dat oogkontak met gehoor nie in die slag bly nie.
   - Taalgebruik: Moet suiwer, skeppend en kreatief wees.
   - Slot: Gepaste, kernagtige samevatting

- Toesprake moet die deelnemer se eie werk wees – toesprake wat op die internet bekom is of "gekoop" is, is onaanvaarbaar. Dit moet verkieslik ook nie toesprake wees wat reeds gedurende die betrokke jaar by ander kompetisies gebruik is nie.
- Let baie noukeurig op die tydsbeperking.
- Wees deeglik voorbereid!
-

4. Aspekte ten opsigte van die **<u>onvoorbereide toespraak:</u>**
   - Nadat die deelnemers hul voorbereide toespraak gelewer het, sal hulle deur 'n toesighouer vergesel word na 'n afsonderlike lokaal waar hulle die onderwerp vir hul onvoorbereide toespraak – deur die beoordelaar verskaf – sal ontvang.
   - Elke deelnemer sal VYF (5) minute toegelaat word om vir sy/haar onvoorbereide toespraak voor te berei, waarna dit aan die beoordelaar voorgedra moet word.
   - Die doel van die onvoorbereide toespraak is om die deelnemer se vermoë te toets om in 'n beperkte tyd steeds 'n sinvolle, logiese en goed beredeneerde toespraak te lewer.
5. Puntetoekenning
   - Afsonderlike punte sal vir die voorbereide en onvoorbereide toesprake toegeken word. Die deelnemer kan slegs in aanmerking kom as kategoriewenner (trofee), indien hy/sy aan <u>beide afdelings</u> deelgeneem het.

OPENBARE REDEVOERING
MEISIES EN SEUNS - DAMES EN MANS

Graad 4
CT 1: Voorbereide toespraak
CT 2: Onvoorbereide toespraak
Graad 5
CT 3: Voorbereide toespraak
CT 4: Onvoorbereide toespraak
Graad 6
CT 5: Voorbereide toespraak
CT 6: Onvoorbereide toespraak
Graad 7
CT 7: Voorbereide toespraak
CT 8: Onvoorbereide toespraak
Graad 8
CT 9: Voorbereide toespraak
CT 10 Onvoorbereide toespraak
Graad 9
CT 11: Voorbereide toespraak
CT 12: Onvoorbereide toespraak
Graad 10
CT 13: Voorbereide toespraak
CT 14: Onvoorbereide toespraak
Graad 11
CT 15: Voorbereide toespraak

CT 16: Onvoorbereide toespraak

Graad 12

CT 17: Voorbereide toespraak

CT 18: Onvoorbereide toespraak

Ope

CT 19: Voorbereide toespraak

CT 20: Onvoorbereide toespraak